

Boekwinkeltye: Kantoortye (Maandag tot Vrydag 8:00 - 16:00)
Sondae (tussen dienste)

Prosedure: L.W. Dis nie 'n biblioteek nie, maar wel 'n winkel.

U neem die boek/e wat u wil aankoop en vul die titel en outeur op die vorm in asook die prys wat u betaal.

Plaas die geld in die kluisie teen die muur langs die deur.

In dien u nie geld by u het nie, vul die prys in in die kolom onder verskuldig asook u naam in die kolom daarnaas.

U kan later die geld kom betaal, maak net seker u skryf dan betaal langs die bedrag wat u voorheen ingevul het.

Dankbetuiging: Aan almal wat so mildelik boeke geskenk het, baie van hulle splinternuut, baie, baie dankie. Aan almal wat graag daar in die boekwinkel kom "wei" en koop, ook 'n groot dankie. Skenkings is nog steeds welkom, enige boeke. As ons dit nie hier gebruik nie, dra ons dit oor aan Herfsland, Allen Park en Park, skole en Hospice. Anders plaas ons dit in die dromme op die kerkterrein en daardie geld gaan na die jeugaksies.

Fondse: Fondse word inbetaal in die bejaardefonds en word aangewend vir die behoeftes van die bejaardes.
Feb. 2016 het ons R435-00 geïen en daarvoor sê ons aan u baie dankie.

Pryse: Wissel van R20-00, R10-00, R5-00 en R2-00. Meeste is gemerk R5-00.
Ons kontroleer so goed as wat ons kan en vra u moet as t asb nie vergeet om die vorm in te vul nie.

Die boekelys word gereeld op die webwerf hersien maar kom besoek gerus self die winkeltjie loop rond en kyk, haal uit, sit terug, enige plek ons sal dit weer reg rangskik. Onthou dis SELF-HELP daar is nie altyd iemand teenwoordig nie. Los 'n boodskap in die boodskapboekie indien u oor iets wil navraag doen.

U, u geldjies en nog boeke is meer as welkom!